

PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.
5 September 2021

Vanoggend se erediens

Tema: Geloof in 'n tyd van dwaalleer

Skriflesing: 1 Timoteus 4:1-16 (teks: vers 7)

Die kerk is deurmekaar. Dit lyk of jy kan glo wat jy wil, en dis reg. Hoe hou 'n mens koers in só 'n tyd? Wat moet jy glo? Wie moet jy glo? Paulus se raad aan Timoteus is vandag nog net so aktueel.



Só glo ons

Heidelbergse Kategismus

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.

Ek glo ...

Ons Program

Vandag: Nagmaal

📌 **Nagmaalsdiens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom

📌 **Geen Sondagskool**


📌 **Deuroffer:** Fonds vir dowes

Sondag 12 September:

📌 **Informele diens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom

📌 **Sondagskool**

📌 **Deuroffer:** Wêreldsending



Bybellees-program

Ons begin môre met die boek **Sagaria**. Op die WhatsApp-groep "Petrusburg" kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play of App Store. Soek net NG Kerk Petrusburg.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.



5 **Anna Klok (87j)**; Pieter Nienaber

8 Fanus Marais; Pieta Terblanche; Adél Venter

9 Anna-marie Bornman; Attie van Jaarsveld (jnr)

10 Jaco Swanepoel; Nihan Badenhorst; Lallie van Vuuren

Huweliksherdenking

September

5 Jano & Anele Hugo (23j)

11 Pieter & Monique Nienaber (11j)

Voorbidding

- 📌 Jan van Loggerenberg (nog in hospitaal ná groot operasie)
- 📌 Mense wat direk deur Covid-19 geraak word, hetsy self siek, of in kwarantyn vanweë kontak, of wat 'n dierbare afgestaan het aan die dood.

Dankbaarheid

Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.
(1 Tes 5:18)

Liewe medegelowiges van Petrusburg NGK, Dankbaarheid is 'n ruim begrip: dit sluit meer in as my eie lewe en omgewing. Laat ek verduidelik: met my verjaarsdag onlangs het ek 'n oproep ontvang van 'n meisie wat ek help grootmaak het. Sy is 'n vriendin van my se jongste kind, en ek het met haar kennis gemaak toe ek haar onderrig het. Daar het dadelik 'n hegte band tussen ons ontstaan, en Olga (nou al in haar 40s) noem my steeds "juffroutjie". Hierdie einste Olga het die pad in haar jongdae lelik byster geraak en het verval in dwelms, prostitusie en andere euwels. Sy was al herhaaldelik in rehabilitasiesentrums, net om te probeer om so gou as moontlik daar te kan uitkom en haar "lewe" voort te sit. 'n Treurige toestand voorwaar.

Wel, met my verjaarsdag, bel sy my uit die bloute: sy is al 6 weke in rehabilitasiesentrum, volg alles presies soos sy moet, want, sê sy: sy WIL hierdie keer skoonkom. Intussen het sy ook teruggedraai na God en haar getuieis het my oortuig dat sy glo met Sy hulp sal sy 'n nuwe lewe kan begin. Uit dankbaarheid vir Sy genade wil sy haar lewe omdraai.

Hoe raak dit my dankbaarheid?

1. Ek is dankbaar vir haar dat sy is terug in die Vadershuis!
2. Ek is dankbaar vir haar dat sy 'n ware poging aanwend om skoon te kom.
3. Ek is dankbaar vir die voorbeeld wat sy stel: 'n mens kan opstaan uit die modder mits jy dit doen aan die hand van ons Vader! Loof Hom vir sy Genade en troue sorg, in ons lewens en in die lewens van andere om ons!

Ek herhaal graag my uitnodiging aan almal om oor Sy goedheid en sorg te praat en deur hierdie kanaal met mekaar te deel. Stuur jou bydrae anoniem, of onder jou naam na my (daleen.krige@gmail.com) en ons deel dit in die afkondigings op Sondag. Saam kan ons 'n danklied sonder weerga aanhef tot verheerliking van ons Heer!

Kom ons juig in dankbaarheid voor Hom!

Groete, Daleen Krige.

Gebed in die tyd van die coronakrisis

vertaal uit kerknet.be

God van alle lewe,

U het nog altyd u liefde aan mense betoon.

In Jesus, u Seun, het U tot by ons gekom.

Hy het aan siekes genesing en vrede gebring.

Deur sy goedheid en versoening

het Hy 'n nuwe toekoms geopen

vir mense wat verlore was.

Kom ons ook in hierdie dae van onrus en onsekerheid

tegemeet met die Gees wat vir Jesus besiel het.

Gee ons kalmte, wysheid en moed

om te onderskei wat ons kan doen om ander te ondersteun

en hierdie krisis te help oorwin.

Gee dat, nou dat ons almal so bewus is van ons eie kwesbaarheid,

ons sal groei in hoop en vertrouwe.

Laat ons bly glo dat U alles ten goede laat meewerk.

Deur Christus, ons Here.

Padkaart vir die week : 5 September 2021

Skriflesing: 1 Timoteus 4 – Geloof in 'n tyd van dwaalleer

Die lewe is deurmekaar, sodat 'n mens onseker is wat is sonde en wat nie. Hoe dink jy daarvoor?

Daar was in Efese ook baie probleme wat gelowiges verwar het (vers 1-5). Noem enkele.

Paulus sê ons moenie in 'n stryery betrokke raak nie (vers 7). Ons moet eerder:

- aan die regte leer vashou (vers 6). In watter gesindheid moet ons dit doen?
- in toewyding lewe (vers 7). Wat vra dit van jou?
- 'n voorbeeld vir ander wees (vers 12). Hoe kry jy dit reg?
- toelê op die lees en bestudeer van die Bybel (vers 13). Wat beteken dit?

Vers 16: *Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.*